NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
Posbus 2368,
Pretoria 0001;
Swaanstraat 129,
East Lynne,
Pretoria 0186;
www.nhka.org

19 Maart 2026

VAN: Die Bedryfshoof: Sinodale Dienssentrum

AAN: Alle Skribas
Finansiële komitees
Predikante

**OMSENDSKRYWE NR 13/2026**

Geagte broers en susters

## BEGRAFNIS- EN PENSIOENNOMINASIES

Om oor die einde van ons aardse lewe te dink, is nie maklik nie. Tog kan ons mekaar se laste ligter maak deur betyds die nodige reëlings te tref. Indien die administrasie rondom begrafniskoste en voordele in orde is, bied dit gemoedsrus en die versekering dat u geliefdes onmiddellik die nodige ondersteuning sal ontvang.

Die Kerkorde bepaal in Ordinansie 3.2.10 dat die predikant se eggenoot vir drie maande ná afsterwe steeds volledig versorg word, mits die predikant op daardie datum nog in diens van 'n gemeente was. Hierdie voorsiening is 'n teken van sorg en verantwoordelikheid teenoor ons gemeenskapsleiers en hul gesinne.

Om te verseker dat u begunstigdes die voordele sonder vertragings kan ontvang, is dit noodsaaklik dat u die *Funeral Scheme Beneficiary Nomination Form* en die *Sanlam Umbrella Fund Nomination Form* (hierby aangeheg) voltooi en indien.

Die Versekeringswet 18 van 2017 maak dit duidelik dat die bedoeling is dat u geliefdes die begrafnisvoordeel onmiddellik kan aanwend. Daarom word dit aanbeveel dat u nie u werkgewer of minderjarige kinders as begunstigdes benoem nie, aangesien dit die uitbetaling kan vertraag.

Neem asseblief kennis: Versekeraars sal voortaan geen begrafnisvoordeel sonder 'n geldige nominasievorm uitbetaal nie. Waar geen vorm beskikbaar is nie, sal die voordeel na die boedel oorbetaal word en mag dit nie betyds beskikbaar wees vir begrafniskoste nie.

Indien u reeds die nominasievorm voltooi het, kan u hierdie skrywe met gemoedsrus ignoreer. Indien u omstandighede intussen verander het, of indien u nuut tot die skema toegetree het, word dit sterk aanbeveel dat u die nominasievorm sonder verwyl voltooi en dit aan die onderstaande e-posadres stuur vir veilige bewaring.

Ons vertrou dat u hierdie uitnodiging positief sal ontvang en die aangehegte vorms so spoedig moontlik sal voltooi en aan mevv Susan Moore of Zona Smit by e-posadres mannekrag@nhk.co.za sal stuur.

Saam kan ons sorg dat u geliefdes met respek en waardigheid versorg word.

Met broederlike groete

**Mnr JJP Hattingh (MBA)**
***Bedryfshoof: Sinodale Dienssentrum***

012 322 8885 x3008
johan@nhk.co.za